

Van die lessenaar

Transformasie ten alle koste?

Alle verandering is pynlik, maar dit word algemeen aanvaar dat groei net kan gebeur deur verandering. Die afgelope twee dekades het vir die SAPV en Suid-Afrika alles oor maatskaplike en ekonomiese transformasie gegaan - 'n verandering wat al die mense in ons land vorentoe moet stuur na 'n beter toekoms. Veranderinge in globale markte, handelsooreenkomste en ekonomiese interafhanklikeheid het daartoe bygedra om ons beplanning en werkswyses heeltemal te herdenk. Verandering is daar vir almal, nie net vir die SAPV nie. Welkom op die reis.

Transformasie

Onlangse media blootstelling oor die bevordering van 'n begunstigde van die eerste historiese AGOA HBI-kwota (Histories Benadeelde Individue), het my laat dink oor die werklike betekenis van transformasie in ons land. 'n Nuut gestigde kos invoer maatskappy het 'n deel van die kwota ontvang. Die maatskappy is onder voorsitterskap van familie van 'n voormalige SAPV werknemer, wat dien as uitvoerende hoof van die nuwe maatskappy. Die voorsitter is die enigste HBI-direkteur, met die oorblywende direkteure ook direkteure van groot 'wit' nie-HBI invoermaatskappye.

Begunstiging is nie transformasie nie; al wat dit doen is om bestaande bates na ander te herlei. Herverdeling is ook nie begunstiging nie, want as dit behoorlik gedoen word, kan versigtige herverdeling ook die gereedskap aan voorheen gemarginaliseerde sektore van ons samelewing verskaf om hulle plekkie in die son van besigheidsukses te vind.

Transformasie gaan oor die skep van iets nuuts vir die meeste Suid-Afrikaners. Omdat ons in die verlede rasse-voorskrywing gehad het, het ons nou stelsels nodig wat voorsiening maak vir HBI's om hulle vaardighede te ontwikkel en in die mark toe te pas. Wit Suid-Afrikaners, as bevoorregte partye wat in die verlede baat gevind het by 'n minder mededingende mark met arbeid wat deur uitgeslote persone verskaf is, moet met dié proses help. Hulle moenie verwag om direkte voordeel uit die veranderingsproses te trek nie en sal daarby baat om deel te wees van 'n groeiende ekonomie en meer stabiele land.

As vleis invoer maatskappye in wit besit werklik geïnteresseerd in transformasie was, kon hulle hul vaardighede, fasiliteite en welwillendheid aan nuwe HBI invoer maatskappye aangebied het. Wat is daarmee verkeerd om net ruimte in hulle pakhuis teen normale tariewe te offer, te help met logistieke prosesse en 'n paar wenke oor bemerking ensovoorts te gee? Hoe kan ons regering dink dat uitbreiding van bestaande eienaarskap deur 'n 'vennootskap' met bestaande invoerders werklike transformasie is?

Hoewel die kommentaar betrekking het op die minder wenslike optrede van 'n bestaande invoerder, kan plaaslike produsente ook oorweeg hoe hulle met transformasie kan help. HBI's sal moet swoeg en sweet om die transformasie-berg uit te klim en die voorheen bevoorreedes kan net probeer help om die las ligter te maak. Ek hoop nie die swak praktyk waarna ek verwys het duur voort met die volgende stel kwotas nie en ook dat daar nie meer gevalle onder die ontvangers van die eerste kwotas is nie. Dit lyk asof ons stryd nog nie begin het nie en dat die regering waarop ons staatmaak nie seker is wat transformasie regtig beteken nie.

Die Amerikaanse industrie het ooreengekom om sommige ontwikkelingswerk in die land te ondersteun as deel van die AGOA ooreenkoms. Dit moet deur die Wêreld Pluimveestigting gedoen word, 'n liefdadigheids gedeelte wat oorspronklik deur die Amerikaanse Pluimvee en Eier Uitvoerraad befonds is. Die Amerikaanse regering het aparte verpligtinge as deel van hulle beloftes.

Die werk van die Wêreld Pluimveestigting hou nie verband met die hulp wat die Amerikaanse Pluimvee en Eier Uitvoerraad aan die HBI-invoerders gee wat deur AGOA bevoordeel word nie. Die Wêreld Pluimveestigting het Suid-Afrika in Maart besoek op 'n feitensending om te bepaal wat hulle kan en nie in Suid-Afrika kan doen nie. Ons sal deur e-pos opvolg en sal weer later die jaar vergader. Daar is duidelik heelwat wat ons kan doen om te help met transformasie in die pluimvee nywerheid. Ons moet eerder 'n paar aktiwiteite probeer wat 'n verskil kan maak as te veel wat verlore raak.

Organisasies

Die Eierorganisasie en die Transformasiekomitee het verlede maand vergader. Daar is 'n bespreking van die vergaderings in Charlotte se kolom. Ek wil graag herhaal dat ons bestaan om lede te dien, ons moet lede vind om by die Eierorganisasie aan te sluit en vir die wat dink hulle is lede, om te betaal. Almal weet dat die Eierorganisasie finansiële probleme het wat 'n rukkie gaan neem om op te los. Al wat nou nodig is is vir almal om bereid te wees om meer na die toekoms te kyk as die verlede, dan sal ons 'n ordentlike pad vorentoe kan stap.

Ons het opgemerk dat nie alle lede aktief aan die nuwe ledesgeld-stelsel van die Braaikuiken- of Eierorganisasies deelneem nie. Ek is veral bekommerd oor 'n paar van die kleiner produsente. Let asseblief daarop dat julle die jaar uit die Kongres gesluit sal wees en nie julle stem sal kan uitoefen indien julle nie julle volle samewerking gee nie. Elkeen se stem is nodig om ons toekoms te bepaal.

Een van die twee oorblywende arbeidsake is verlede maand afgehandel. Dit word vereis dat die vorige werknemer al die bates van die OPBO aan ons teruggee voordat ons die saak ten volle kan finaliseer. Ek hoop dit sal die voormalige werknemer help om met sy loopbaan aan te beweeg. Die laaste oorblywende saak het ook verval en indien die vorige werknemer dit wil laat herleef, sal hy eers aansoek moet doen vir kondonering. Miskien het die saak nou ook geëindig?

Parlement

Ons was bevoorreg om die Portefeuljekomitee oor Landbou, Bosbou en Vissery aan die begin van verlede maand toe te spreek. Ons span wat bestaan het uit Andy Crocker van Meadow Voere, Charlotte en ek, het beurte geneem om aan te bied. Die Parlement het ons goed ontvang en ons aanbieding is beskikbaar op www.sapoultry.co.za/home/sapa-news.php onder die 'Van die lessenaar'-afdeling.

Ons drie voorstelle aan die Parlement is:

- Suid-Afrika moet 'n regeringsbefondsde, multi-risiko versekeringskema vir graanboere ontwikkel. Dit sal hulle deur die droeë seisoen help en hulle produksiekoste verminder omdat die risiko-kwasiënt wat in produksiefinansiering ingebou is verminder kan word. Die onkoste verbonde aan so 'n skema kan minder wees as die ad-hoc rampverligting wat nou gebied word en die skema kan vinniger ingryp as wat die huidige benadering toelaat.
- Suid-Afrika moet 'n strategiese graan reserwe program ontwikkel. Dit sal die herhaling van die huidige witmielieprys scenario voorkom wat in die stadium hoër is as die geelmielie prys wat min of meer op die internasionale invoerpariteitsvlak is. 'n Strategiese reserwe sal ook die effek van 'n algemene prysverlaging vir mielieverbruikers hê tensy 'n droogte so erg is dat al die strategiese reserwes uitgeput word. Die koste van so 'n reserwe word 'n nasionale koste en omdat alle mielieverbruikers die werklike koste van 'n droogte dra en alle verbruikers dit dus ook dra, kan daar wel besparings vir verbruikers wees met so 'n benadering.
- Die verskillende bevrore pluimveeprodukte wat die hoofbron van proteïene vir armes is, moet van BTW vrygestel word, net soos eiers.

Ons het weer ons beroep op die DvLBV herhaal dat ondersteuning aan mielieboere slegs aan diegene moet gaan wie se opbrengs werklik so laag is dat hulle op inkomstevlak ly. Wat so interessant is in ons ontleding van mielie-inkomstes is dat die mieliebedryf oor die bemarkingsjaar 2014, 2015 en 2016 op kollektiewe vlak min of meer dieselfde oor die driejaar-periode sal verdien: 'n Baie goeie jaar, gevolg deur 'n droë jaar en 'n nog erger jaar van droogte onderweg. 'n Witmelieboer wie se opbrengs in 2016 sowat 45% is van sy 2014-opbrengs, sal net soveel verdien as in 2014. 'n 55% opbrengs is soortgelyk vir geelmielie-boere. Dit is die mielieverbruikers wat ly – ons almal. Dit is net sommige mielieboere wat in 'n droogte ly.

Ons algemene voorleggings bly van toepassing, naamlik:

- Ondersteuning aan mielieprodusente moet duidelik geteiken word en onderskeid moet getref word tussen droogte verliese en algemene produksieverwante verliese;
- Dit maak sin om 'n droogte-subsidie aan die eindverbruiker te gee wat die bykomende inkomste van die graanprodusente wat 'n oes opbrengs het, effektiewelik finansier;
- Soya-tariewe moet opgeskort of verwyder word;
- Vermindering van hawe en spoorkoste sal die Safex-prys van graan verlaag;
- Uitvoer van graan moet beheer word as 'n hulpmiddel om pryse so na as moontlik aan pariteit uitvoervlakke te hou;
- Aksies wat die invoervolumes van pluimvee beperk moet ingestel word;
- 'n Gemiddelde globale graanprysindeks waarteen plaaslike pryse gemeet word moet ontwikkel word. Suid-Afrika is geregtig om tot R2,1 miljard van handelsverwringde maatreëls per jaar te gebruik wat ons nie benut nie. Dit kan 'n sinvolle manier wees om voordeel uit die beskikbare WHO-raamwerk te trek;
- 'n Belastingtoegewing teen die koste wat aangegaan is weens die hoër graanpryse. Dit kan ingestel word met behulp van die bogenoemde; en
- Die aansoek deur GraanSA vir 'n toename in die verwysingsprys van mielies – wat teen die huidige wisselkoers 'n bespotting van die Safex-stelsel maak en vereis dat ons altyd meer as invoerpariteit vir geelmielies betaal – moet sterk deur die regering teengestaan word.

Ons betaal nou meer as R1 000 per ton meer vir mielies as Amerikaanse mielieverbruikers. Dit is dié verskil wat lei tot ons skade. In 'n jaar soos dié sal graanpryse altyd deur invoerpariteit gelei word. Die werklike skade word gelyk deur die mielieverbruikers en nie die produsente nie. Met die huidige oes sal mielieprodusente egter ook ly, anders as in die vorige seisoen.

Gesamentlike mielieverbruikers (menslike, veevoer en industrieë) sal in die 2015 bemarkingsjaar meer as R12,4 miljard ekstra betaal vir mielies as in 2014. Alle mieliekopers sal die pryseffek min of meer dieselfde beleef tensy 'n spesifieke koper in 'n buitengewoon suksesvolle posisie van mielieprys verskansing was. Mielieverbruikers ly dus veel meer as mielieprodusente. Die R12,4 miljard kosteverskil is bereken deur plaaslike aanvraag met die gemiddelde seisoenprys te vermenigvuldig. Ons skat ons sal in die 2016 bemarkingsjaar 'n bykomende R9,7 miljard vir mielies moet betaal as ons dit vergelyk met die 2015 bemarkingsjaar. Dit kan steeds aansienlik in 'n positiewe of negatiewe rigting verander. Oor 'n twee jaar periode sal mielieverbruikers dus 'n bykomende R22 miljard betaal en mielieprodusente sal op gesamentlike vlak byna niks verloor nie.

Die uitwerking van die huidige droogte op koste van hoendervleis- en eierproduksie kan bereken word met 'n eenvoudige model waar ons kyk na die verandering in produksiekoste weens die huidige mielie- en soya oliekoekpryse. Dit vergelyk die goeie jaar (2014) met die baie slegte jaar (2016), wat 'n geskatte jaar is, met die data van 'n werklike jaar.

Dit kos ons 'n bykomende R3,60 in voedingskoste vir 'n lewendige voël en 'n bykomende R1,65 per dosyn eiers tussen die twee bogenoemde tydperke. Voeg daarby die gevolge van hoër stoorkoste vir voerbestanddele, hoër vervoerpremies te danke aan die opgehoopte voorsieningskanaal (omtrent 50c per kilogram vir lewendig geproduseerde massa), hoër arbeid en elektrisiteit onkoste, en dit is duidelik dat tye druk. Die voorgestelde verandering in pekelwater regulasies kan 'n verdere R3,50 per kilogram tot produksiekoste voeg. Gesamentlik sal die vleis- en eiernywerhede ons meer as R4,5 miljard ekstra in voerpryse alleen kos – nog voordat ander onkostestygings bygevoeg is. 'n Toevoeging van R6 – R7 per kg sal hoenderpryse net onbekostigbaar vir die meeste verbruikers maak. Indien die onkoste verhaal word is dit waarskynlik dat die gewone produsent-tot-kleinhandel stygings by verbruikerskoste gevoeg sal word. Die stygings hang van die produk af, maar 'n bykomende 35% by produsente onkoste is 'n redelike skatting vir verbruikers weens prysverandering in voer en ander uitgawes.

Handel

Goeie nuus is dat die DvBLV ingestem het dat ons 'n eksterne deskundige aan hulle kan voorsien op ons onkoste om die uitvoerdossiere te bespoedig. Ons sal hopelik in April hieraan begin werk. Om die papierwerk reg te kry is die eerste van vele uitdagings wat ons in die gesig staar voordat produkte verskeep, maar dit is 'n belangrike stap vorentoe.

Daar was 'n paar administratiewe probleme by Itac met die EU Artikel 16 beskermingsaak, wat die verwagte sperdatums van die ondersoek aangeskuif het. Niks van die kommentaar wat tot dusver deur rolspelers gelewer is gee ons enige rede tot groot kommer nie, maar ek veronderstel dit is nie wat ons dink nie, maar wat Itac daarvoor dink wat belangrik is. Realisties gesproke verwag ons dat die saak nog 'n paar maande sal duur.

Ons gaan voort met ons voorbereidings om die verswakking van standaardde soos tussen Suid-Afrika en Amerika ooreengekom as deel van die AGOA-transaksie uit te daag. Volgens foto's van die produkte lyk die fisiese kwaliteit nie goed nie, wat nog te sê van die mikrobiologiese gehalte en die moontlike risiko van voëlgriep verspreiding. President Obama het die bedreiging teen ons van belastingvrye opskorting van alle landbou-uitvoere verwyder. Ons kan natuurlik te eniger tyd onderhewig wees aan 'n buite-siklus hersiening indien Amerika voel dit is nuttig vir hulle. Die senuagtige gebruik van die AGOA voordele duur dus voort.

Daar is geen verdere nuus oor Graan SA se aansoek om die verhoging van die mielietarief nie, maar ons hou die saak dop.

Pekelwater

Daar was geen verdere kommunikasie van die DvLBV af oor die pekelwatersaak nie, hoewel ons al die nodige dokumente verskaf het waartoe ons ons verbind het in die brief aan die rolspelersvergadering op 27 Januarie. Ons het 'n vergadering met die minister versoek om te kyk of ons die oplossing van die saak kan bespoedig op 'n manier wat dit moontlik maak dat gesonde verstand seëvier. Ek glo nie die DvLBV wil hulself regtig in die hof oor die saak verdedig nie. Ons het uiteindelik die rou data van die navorsingsproewe wat namens die DvLBV gedoen is ontvang. In dié stadium van die ontleding word die bepalings van die tesis wat hulle gebruik het nie ondersteun deur die beskikbare data nie. Na ons mening is daar probleme met die ontwerp, die analise en interpretasie van die tesis. Daar is 'n rede waarom die nulhipotese so gewild in wetenskaplike kringe is: dit bied goeie resultate. Hier het die student en haar toesighouers blykbaar besluit dat die teenoorgestelde benadering beter is.

Algemeen

Ons ouditeure het ons weer 'n skoon oudit gegee en ek hoop julle is bly om te weet julle geld word verantwoordelik gebruik.

Die driejaarlikse AFMA Forum is verlede maand by Sun City gehou met meer as 500 afgevaardigdes teenwoordig - die meeste ooit - en met 'n wye verskeidenheid sprekers. Dit is goed om te sien dat ons voerbedryf slaag met 'n verskeidenheid van belangrike inisiatiewe waaruit ons sal baat vind.

Die eerste 2016 bilaterale vergadering tussen die SAPV en die Universiteit van Pretoria met betrekking tot die gesamentlike bestuur van die Leerstoel in Pluimveeproduksie en Gesondheid het verlede maand plaasgevind. Professor Celia Abolnik presteer steeds as wetenskaplike én as iemand wie se span goeie gehalte navorsing lewer wat van toepassing is op die behoeftes van die plaaslike bedryf. Hou asseblief aan om haar te ondersteun in dié belangrike saak.

Ek het 'n oorsig van ons plaaslike bedryf aan 'n Oostenrykse vleis-bemarkingsgroep gelewer wat ons land besoek het. In vergelyking met baie Europese lande het ons 'n groter bevolking en 'n veel hoër hoendervleis-inname wat die omvang ons bedryf baie interessant vir die besoekers gemaak het. As ek tog net dieselfde oor ons eierbedryf kon sê.

Die Loodskomitee van die Mielieforum het die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BVLB) opdrag gegee om 'n ondersoek na die effek van grondhervorming op voedselsekuriteit te doen. Hulle is ook aangesê om minister Pravin Gordhan te help met data wat die risiko van Suid-Afrika se kredietafgradering kan verminder. Ek het hulle bygestaan in beide sake. Ek is seker julle is bewus daarvan dat ons nie wil hê ons land moet geld leen by internasionale lening-swendelaars nie.

Vorbereidings vir Avi-Afrika gaan voort en ons moedig julle aan om nou te registreer en voordeel te trek uit die goedkoper registrasiefooie. Die program is grootliks afgehandel en is op ons webwerf vir diegene wat in die program belangstel. Ek hoop om julle daar te sien in Junie.

Groete tot volgende maand,

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte